Publication: Beeld,Saturday (Sport)
Publication Date: 03 Feb 2018
Page: 35
AVE: 19008.00
Circulation: 38918
Part: 1 of 1



# Simbine skop seisoen af in agterplaas




**Wim Pretorius**

Die nasionale kampioen en rekordhouer in die 100 m vir mans, Akani Simbine, sal aanstaande maand sy atletieksei-soen amptelik by die tweede byeenkoms van Atletiek Suid-Afrika (ASA) se nuwe Grand Prix-reeks begin.

Simbine, wat met 'n beste tyd van 9.89 sekondes in die 100 spog, sal op 8 Maart by Tuks se L.C. de Villiers-stadion in die wegspringblokke sak.

Hoewel dié blits nie verlede jaar 'n medalje by die Wêreldkampioenskap in Londen kon verower nie, het hy 2017 met die vierde vinnigste tyd in die 100, 9.92, afgesluit.

Net die Amerikaner Christian Coleman (9.82) en twee Jamaikane, Yohan Blake (9.90) en Julian Forte (9.91), was verlede jaar vinniger.

Simbine kon nie verlede jaar sy goeie peil vroeg in die seisoen enduit behou nie en het vyfde geëindig in die eindronde in Londen.

Die Amerikaner Justin Gatlin het almal verstom en met die goue medalje weggestap.

Volgens Simbine is vinnige tye nie meer sy dryfkrag nie, maar wil hy eerder fokus op titels op die wêreldverhoog.

Simbine sal onder die gunstelinge tel vir 'n goue medalje in die 100 op die Statebondspele wat in April in Australië se Goudkus gehou word.

"2017 was 'n teleurstellende jaar vir my," het Simbine in 'n verklaring gesê.

"Ek het baie hoër verwagtinge gehad as die vyfde plek by die Wêreldkampioenskap. Ek wou 'n medalje hê, maar 'n heupbesering het dit in die wiele gery."

Volgens dié Tuks-student is die Grand Prix-byeenkoms in sy agterplaas die ideale geleentheid om sy litte los te maak vir die seisoen.

Hy het juis verlede jaar geskiedenis in die L.C de Villiers-stadion gemaak toe hy die eerste Suid-Afrikaner geword het om die 100 in onder tien sekondes en die 200 in onder 20 sekondes op dieselfde dag kaf te draf.

Hy het dit in Maart vermag toe hy die 100 in 9.93 afgeblits en dit opgevolg het met 'n tyd van 19.95 in die 200 – die sesde vinnigste tyd in die wêreld in 2017.

"Ek oefen hier. Ek hou van die baan. Dit is vinnig en jy is altyd verseker van vinnige tye," sê Simbine.

Volgens hom is sy mikpunt om elke 100-wedloop onder tien sekondes te hardloop.

"Dit gaan alles oor die uitvoering. As ek my plan reg uitvoer, dan volg 'n tyd van onder tien sekondes."

Simbine is die enigste naelloper wat in Saskok se voorlopige groep vir die Statebondspele ingesluit is.

**Akani Simbine sal vir die teleurstelling van 2017 se Wêreldkampioenskap wil vergoed met 'n goue medalje op die Statebondspele in April.**
Foto: GALLO IMAGES

PEAR
This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.
DALRO